

## **Strenger optrede deur Munisipaliteit ten opsigte van onwettige water- en elektrisiteitsaansluitings - Maak gebruik van amnestie-tydperk**

Water is besig om 'n skaars kommoditeit te word en die gemeenskap probeer hul uiterste bes om water te bespaar. Daar is egter sommige inwoners in die Swartland wat met meters peuter of onwettige aansluitings op hul eiendomme het. Alhoewel 'n amnestie-tydperk van twee maande in Augustus 2014 toegestaan is, het baie min eienaars vorendag gekom om sulke onreëlmathede by die munisipaliteit aan te meld.

Onlangse ouditinspeksies ten opsigte van waterverliese het verskeie onwettige aansluitings en/of die peuter met meters blootgelê, wat 'n aansienlike invloed het op die insameling van inkomste deur die munisipaliteit. 'n Peuteringsfooie van R1 500.00 sowel as R5 000.00 vir die beskadiging van munisipale eiendom is van die eienaars verhaal. Waterverbruik in voorafgaande jare is ontleed om onwettige gebruik te bepaal en is gefaktureer. Dit blyk egter dat die oortreders nie afgeskrik word deur die boetes wat tans deur die munisipaliteit gehef word nie en is daar ook strafregtelike aanklagtes teen hierdie eienaars ingestel. **Dit kan lei tot 'n kriminele rekord of selfs gevangenisstraf vir diefstal en bedrog. Die name van mense wat vir ander kriminele oortredings aangekla is, was onlangs in plaaslike koerante gepubliseer. Wil u hiermee geassosieer word?**

Onwettige verbindings met die water- en/ of elektrisiteitsnetwerk is 'n misdad wat in alle dorpe en gebiede in die Swartland voorkom. Skynbaar nader onverskillige individue of groepe die publiek om sulke onwettige aansluitings te installeer of met meters te peuter in ruil vir 'n nominale vergoeding. Dit vrywaar egter nie eienaars van eiendomme dat kriminele stappe nie teen hulle geneem sal word nie. Dit is dus uiters belangrik dat water- en elektrisiteitsdiefstal in die Swartland in 'n ernstige lig beskou word en dat diegene wat betrokke is, geen genade moet verwag nie.

Die munisipaliteit gaan nou 'n verdere amnestieperiode vir 'n maand vanaf 1 Augustus tot 31 Augustus 2017 implementeer ten opsigte van onwettige aansluitings. Hierdie amnestie bied inwoners wat water/elektrisiteit onwettig verbind, die geleentheid om dit aan die munisipaliteit bekend te maak sodat dit herstel kan word. Verbruikers wat van hierdie venstertyd gebruik maak om enige oortredings in hierdie verband te rapporteer, sal kwytskeld word van die boete en geen kriminele aanklagte sal ingestel word teen die betrokke persone nie wat tot 'n kriminele rekord en/of selfs tot gevangenisstraf kan lei.

Inwoners kan self toetse uitvoer deur die volgende te verifieer:

- dat seëls op meters nie beskadig of verwyder is nie;
- deur elke waterkraan afsonderlik oop te maak en te verseker dat die verbruik gemeet word (registreer op die munisipale meter); en
- dat alle elektrisiteit uitsetpunte (kragproppe / ligte / geiser) afsonderlik getoets word om te verseker dat die verbruik registreer op die munisipale meter.

Wanneer dit egter geïdentifiseer word, moet hulle nie die onwettige aansluitings self

regmaak nie, aangesien dit gevaarlik kan wees of verdere skade aan die munisipale eiendom kan veroorsaak wat lekkasies tot gevolg kan hê.

Onwettige wateraansluitings kos tans die munisipaliteit 'n beduidende bedrag aan inkomste terwyl die waterinfrastruktuur onder geweldige stres geplaas word. Water- en elektrisiteitsdiefstal het wesenlike gevolge vir ander inwoners, aangesien die munisipaliteit hierdie koste moet verhaal deur verhoogde tariewe en/ of verhoogde boetes instel waar sulke verbindings gevind word. Daarom moedig **die munisipaliteit lede van die publiek aan wat bewus is van enige onwettige water- en elektrisiteitsaansluitings, meter peustering of enigiemand anders se betrokkenheid by enige vorm van onwettige verbruik om dit aan te meld. Die munisipaliteit sal 'n beloning in ooreenstemming met sy "Rewards Policy" bied indien sulke aansluitings gevind en oortreders skuldig bevind word.** Dit is in die belang van alle inwoners van Swartland om hierdie boosheid te bestry.

Om onwettige aansluitings aan te meld, skakel die interne ouditeur by 022 487 9400.

Swartland Munisipaliteit sal 'n streng standpunt inneem teen inwoners wat onwettige verbindings op hul eiendom het en met meters peuter nadat die amnestietydperk verby is.